

Dinsdag 12 Maart

Skrifgedeelte: Josua 10:1-27

Fokusgedeelte: Josua 10:1b-2

God doen sy beloftewoord gestand – en gebruik ook my sonde ten goede!

Israel se nalatigheid – om nie met God rekening te hou nie – was sonde. Nou hoor ons in ons fokusgedeeltes dat Gibeon 'n gerekende stad was! As Gibeon val, was die hele suide in gevaar. Daarom was dit vir Jerusalem skoknuus om te hoor Gibeon het vrede met Israel gemaak. Hierdie skoknuus was die impuls wat die hele suidelike veldtog van die inname van Kanaän begin het.

God het sy verbondsvolk se sondige nalatigheid in sy diens gebruik as die sneller waarmee Hy sy belofte in vervulling laat gaan het. Sy raad word nie gekeer nie, en in sy almag gebruik Hy die sonde van sy kinders om sy beloftes uiteindelik te vervul. Ter wille van die vervulling van sy belofte sal die Here ook na 'n mens luister (vs 14)!

Wat 'n troos is dit nie dat God in sy genade, almag en in die vervulling van sy beloftes ... ja, in álles, groter as die sonde van mense is, en dat Hy dit ook in sy diens gebruik om die beloftes wat Hy gemaak het, te vervul! Hy laat immers álles ten goede meewerk vir dié wat Hy verkies en geroep het (Rom. 8:28).

Deur ons sonde in sy diens te gebruik, dryf Hy ons elke dag om ons Verlosser, Jesus Christus, die groot Vervuller van God se verbondsbeloftes, te soek en gelowig te omhels. Daarom werk die Heilige Gees in ons harte om ons deur ons gewete aan te kla oor ons sonde, en ons na Christus te laat soek. Deur Christus as ons Gebedsmiddelaar weet ons ook getroos dat God na mense se gebede luister wanneer hulle gebede in lyn met sy wil en sy beloftes is.

Sing: Lied 593:1, 2, 3 (goedgekeur as Skrifberyming)

Ds. JC van Dyk (Jannes) (Ventersdorp)